

Terugblik



'n Prentjie mooi sonsondergang op die 31ste Desember 1999 (foto bo) wat die einde van die millennium aankondig. Dieselfde son het op 1 Januarie 2000 (foto onder) weer opgekom om die nuwe millennium aan te kondig. Die foto's is in die Heilbron omgewing geneem op die betrokke datums.



Briewe aan:

Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Ester Kotze, Deneyville.

GOD HOU SY BELOFTES GESTAND OM ALTYD BY SY KINDERS TE WEES EN HULLE TE BEHOED EN TE BEWAAR.

In die onseker tye waarin ons vandag leef, hoor mens te dikwels dinge soos "Wonderwerke gebeur nie meer nie," en "Kyk na die chaos in hierdie land, waar is jou God dan?", dat ek my genoepe voel om hierdie stukkie met die lesers te deel.

Na 'n onlangse "besoek" van ongenooide gaste het my man, Pieter, besluit om ons erf beter te beveilig. Op Donderdag, 22 Maart 2018, is ons haastig na die hardware winkel in Vanderbijlpark vir die nodige produkte om die taak te kon verrig.

Terselfdertyd het ons besluit om ook gou na die welbekende supermark op die hoek van Ascot on Vaal en Playfair Boulevard te gaan. Nes ons uit die winkel kom sien ons die Here het die aarde begin seën en die sluise van die Hemel oopgetrek. Met 'n benoude beklemming om sy hart het my man skielik besef hy het die sleutel in die voertuig toegesluit toe ons ingegaan het.

Ons het verdwaas by die ingang van die winkel gestaan en moontlike opsies bespreek oor wat ons te doen staan, nadat werknemers van die winkel tevergeefs probeer het om te help en ons nie daarin kon slaag om 'n geleentheid huis toe te kry by mede inwoners van Deneyville, wat ook in die winkel was, sodat ons die spaarsleutel kon gaan haal nie.

Asof hy gestuur was, kom daar 'n totale vreemdeling verby, hoor ons praat, en soos die Barmhartige Samaritaan draai hy om en bied aan om my man huis toe te neem. My man was so oorbluf met alles wat gebeur het, dat hy skoon vergeet het om die man se naam te vra.

Ek kon daarin slaag om uit te vind wie ons weldoener was. Ons weet nou hy is 'n sake-man van Heilbron, Mnr Dries Cilliers, wat 'n slaghuis daar het. Weereens baie dankie Dries, dat jy bereid was om uit jou pad te gaan om jou medemens in nood te help!

Ek dink dit is veilig om te sê dat God sy kinders gebruik om mekaar te help om die ou gesegde uit te leef: "Die wat REGTIG iemand WIL help (of iets vir God wil doen) vind maniere om dit te doen, ander vind verskonings."

jou lewe is kosbaar. Die kombes sê: Soos God belowe het, het Hy jou verlede nag beskerm. Die spieël sê: Jy is uniek in God se oë. Die kalender sê: gryp die dag aan, en lewe voluit vir Jesus.

My oorlede sussie, Hester, het die gedagtes vir my gestuur, jare gelede.

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.

As jy in die oggend wakker word, wonder jy of alles die moeite werd is, kry die antwoorde in jou kamer. Die waaier sê "be cool"! Die plafon: Mik hoog! Die venster sê: Kyk na die wêreld. Die horlosie sê: Elke minuut van



Beskerm jou rekenaar teen kragonderbrekings.

- Moenie die risiko loop om belangrike data en inligting te verloor nie.
- Harde werk is meer werd!



We mean business

058 852 3033 • marketing@heilbron.co.za • 44 Els street, Heilbron, 9650

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033
E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za

altitude®

CROSS FIRE

CFL

CFG

Cationic front panel
Plain knitted collar
Plain placket, back panel & sleeves
170gsm
55% polyester spandex

Golfers available from **R134⁹⁹** excl vat

Mercedes-Benz



Melange Red/Red 04



Melange Grey/Black 21



DEEP STOCK

CFL Current 4200+ units Incoming 2300 units
CFG Current 6200+ units Incoming 5300 units



Melange Blue/Royal 07



Back detail



more options and products available at herald.altitudec.co.za

058 852 3033
herald@heilbron.co.za
44 Els street, Heilbron, 9650